

Ks3-16

Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein. Bourke & Co. in Kerkstraat-Wes.



Foto Bron:- Dun-01 p175

Hierdie foto is geneem tussen 1895 en 1900. Links op die foto op die noord-oostelike hoek van Kerk- en Kochstrate staan die imposante gebou van Bourke & Co. Hulle het ook in Kerkstraat-Oos 'n tak gehad. Die klein geboutjie met die afdak regs van Bourke & Co. was die groentewinkel van N. Alexander. Gillingham se bakkery is nog steeds daar maar die ou firmas Roehlin en Peacock is nou vervang deur die binnevesierders A.F. Pegg & Co. wat in 1895 hul besigheid in Pretoria begin het, en die horlosiemaker S. Sandwick. George Heys se ou plekbesprekingskantoor is oorgeneem deur die Transvaal Advertiser in 1898.

Die Clarendon Hotel is nou die Transvaal Café. Op die hoek van Kerkstraat en Kerkplein is die Poskantoor. Die groot gebou oorkant Bourke & Co. was Durban House. In 1896 het Robert Hamilton daar besigheid gedoen.

Bibliografie

Dun-01 Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria: Lola Dunston.
